BYBELSTUDIE GROEI IN DIE GEES LES 26

In les 25 het ons stilgestaan by geestelike groei deur meelewing. Daarmee bedoel ons dat die Heilige Gees ons geestelik laat groei deur die gemeente self. Ons as gelowiges is op mekaar aangewese. Met beelde in die Bybel word ons verbondenheid aan Christus en aan mekaar beklemtoon. So leer Johannes 15:1-8 ons dat God die boer, Jesus Christus die ware wingerdstok en ons as gelowiges die lote is. Die lote is deur die wingerdstok aan mekaar verbind en almal dra vrug. So vorm ons as lidmate saam 'n eenheid en is ons onlosmaaklik verbind aan Jesus Christus.
Volgens 1 Korintiërs 3 is die gemeente die gebou, die tempel van God. Jesus Christus is die enigste fondament of hoeksteen [Ef.2:20] van die gebou. Dit beteken dat Hy die volle gewig van die gebou dra. Ons is die lewende stene wat vir die opbou van die gebou gebruik word. Op die wyse het elkeen van ons [elke steen] 'n noodsaaklike taak om te verrig. Doen één nie sy werk nie, is die gebou van God nie soos Hy bedoel het dit moet wees nie. Almal is nodig en almal het mekaar nodig [1Pet.2:5].
Watter eienskappe vind ons in die Skrif vir 'n meelewende gemeente?

- Onderlinge liefde heers [Hand.2:42-46].
- Hulle dra mekaar se laste [Gal.6:2].
- Hulle is goedgesind en hartlik teenoor mekaar en vergewe mekaar [Ef.4:32].
- Hulle praat mekaar moed in en versterk mekaar met die evangelie [1Tes.5:11].
- Hulle bid vir mekaar [Jak.5:16].
- Hulle vermaan mekaar [Heb.3:13 1953 vertaling].

GEESTELIKE GROEI – DEUR TE GETUIG.

Ons kerklike aksies en programme is meestal gerig op lidmate se behoeftes. Jesus was anders toe Hy op aarde was. Hy was nie so gereeld in die geselskap van godsdienstiges as wat baie kerkmense dink nie.

1. LEES Markus 2:13-17; Lukas 7:33-35; 19:1-7.
   Met wie meng Jesus in hierdie gedeeltes en hoe reageer die godsdienstiges daarop?

2. Watter lesse kan ons hieruit leer?

3. LEES Matteus 5:3-4.

> *Nadat Hy gaan sit het, sê Hy vir Hulle: "Gelukkig is almal wat van God se goedheid en sorg afhanklik is. Hulle sal definitief 'n plek kry in sy nuwe wêreld."*
> *"Gelukkig is almal wat hartseer is oor al die pyn en swaarkry in hierdie wêreld. God self sal hulle trane afdroog."* [Uit Die Boodskap].

Voordat ek oor God kan praat, is twee dinge nodig in my lewe. Lees vers 3 en 4 en kyk of u dit kan vind.

4. LEES 1 Petrus 2:12 en 3:1.
   Hoe moet ons getuig volgens hierdie Skrifgedeeltes?

5. LEES 1 Petrus 2:9 en 3:15-16.
   Waaruit bestaan ons getuienis volgens hierdie Skrifgedeeltes?

6. Wanneer is ek as Christen 'n getuie vir Christus? Eers later in my geloofslewe of nadat ek een of ander kursus voltooi het?

7. LEES Matteus 10:19-20 en Handelinge 1:8.
   Wie rus ons toe om as getuies op te tree?

B. <u>ANTWOORDE</u>.

1. Dit is opvallend dat Jesus meer gemeng het met sondaars, tollenaars, stukkendes en gevallenes toe Hy op aarde was, as met iemand anders. Daarom

kan ons die opmerking maak dat sondaars bo aan God se lys is oor diegene oor wie Hy bekommerd is. Die Fariseërs en Skrifgeleerdes het elke keer weerstand gebied en vrae gevra oor Jesus se optrede.

2. Die kerk se werkswyse moet meer in lyn wees met God se gevoel oor sondaars. Begrotings, eie sake, selfhandhawing is die hoofsake op ons agenda. En dit terwyl ons hoofsaaklik ingestel moet wees op getuienis na buite.
3. Dit is nie vir almal ewe maklik om oor die Here te praat nie. Die meeste van ons voel onkundig en heeltemal onbevoeg wanneer dit kom by getuienis lewer. Daarom bly ons liewers stil. Waar moet ons begin? Volgens vers 3 en 4 moet ons besef hoe afhanklik ons van God is en in die tweede plek moet ons hartseer wees oor al die pyn en swaarkry in hierdie wêreld. Afhanklikheidsbesef en 'n hártseer hart! Dit is die eis. Slegs wanneer my hart weer begin bloei omdat meer as vier biljoen mense op aarde niks van Jesus Christus se liefde af weet nie, sal my mond oopgaan met goeie nuus.
4. Die heel eerste getuienis waartoe 'n gelowige geroep word is daadgetuienis. Dit is dié van 'n lewe wat ten volle aan die Here toegewy is. Gelowiges behoort liefde uit te straal, vriendelik te wees en bedagsaam teenoor alle mense. So het Jesus sondaars na Hom getrek.
5. Petrus beklemtoon die belangrikheid van 'n gelowige se lewe, maar ook die noodsaaklikheid om met die woord [jou mond] te getuig. Om te *getuig* beteken om te vertel wat jy beléef het. Elke gelowige moet nie net gewillig wees om te getuig nie, maar moet ook bid en verlang en soek na geleenthede om met ander mense oor die Here Jesus te kan praat.
6. Die Here gebruik elkeen van ons as getuie volgens die gawes en die persoonlikheid wat Hy aan ons gegee het. Party Christene kan reguit en op die man af oor Christus praat. Ander doen dit weer op 'n indirekte manier. Ongeag hoe jy dit doen – dit is belangrik dat jy bereid is om dit te doen omdat jy 'n Christen is.
7. Die Heilige Gees.

****